

M. le Roux, *Wilhelmina: kampkind op Java*

Protea Boekhuis, Pretoria, 2007

277 pp

ISBN 978-1-86919-162-7

R140.00

Hierdie versugting van die jong Willy van Halewijn is die kern van die verhaal. Danksy Anne Frank se dagboek, wat deel van die wêreldletterkunde geword het, en Tessa van Loo se roman *De tweeling* (1993), het die betrokkenheid van “gewone mense” in Nederland tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) algemeen bekend geword. ’n Minder bekende deel van die Nederlandse verlede wat beslis meer aandag verdien, is die lyding en ontberinge van Nederlandse vroue en kinders in Japannese konsentrasiekampe en in die opstand van die Javane wat op die oorlog gevolg het.

Mariël le Roux se puik verwerking van die vertellings van Wilhelmina (Willy) van Halewijn, vul dié leemte in ’n groot mate. Willy se lewe as ’n “gewone” Nederlandertjie wat pienk “*muisjes*” (p 11) met die geboorte van haar sussie geniet, trots is op die Nederlandse deug van ’n doeltreffende huishouding en die luukse van ’n welvaartsbestaan in Galatz (Roemenië) geniet, sou volgens die patroon kon voortgaan. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het egter ’n einde aan dié sorgelose bestaan gebring.

Willy se pa was ’n skeepsbouer wat sy gesin goed versorg het. Sy troetelnaam vir Willy was “Ster” en hulle het aanvanklik ’n besondere verhouding gehad. Met die uitbreek van die oorlog moes hy as Nederlandse burger sy beroep in Soerabaja gaan voortsit, en sy vrou en drie dogters het hom na Java gevolg. Die tog van Roemenië na Java word in detail bespreek en getuig van Willy se fyn waarnemingsvermoë. Die verloop van die oorlog word kronologies behandel. Willy se verjaarsdae in die verskillende Japannese konsentrasiekampe word as anker gebruik – sy word daar tien, elf, twaalf, ... en wanneer die oorlog vir hulle eindig, is sy sewentien jaar oud. Die styl van die boek sluit by haar groei tot volwassenheid aan, en die leser besef dat

Willy se kinder- en jeugjare onherroeplik deur die oorlog ingesluk is. Haar geordende kinderdae en skoolloopbaan, aanvanklik selfs in Soerabaja, die daaropvolgende jare van chaos en lewensgevaar in verskeie Japannese kampe, die terugkeer in 1946 na 'n oorlogverwoeste Nederland, en haar uiteindelijke immigrasie na Suid-Afrika, word onderhoudend oorgedra.

Die gesin het aanvanklik 'n gemaklike bestaan in Perak, Soerabaja gevoer. Met Japan se aanval op Pearl Harbour op 8 Desember 1941, was die Nederlanders in Java nie meer toeskouers nie, maar deel van die oorlog. Bomskuilings is opgerig en die Nederlandse kinders het elk 'n staalhelm, oorproppe en "n uitveër om op vas te byt" (p 58) ontvang om te verhoed dat hulle tydens 'n bomaanval hulle tonge sou raakbyt. Hierdie soort inligting verhoog die boek se waarde, dit is detail wat nie 'n gewone "geskiedenisboek" haal nie. Vroeg in 1942 het die Nederlandse gemeenskap hulle vir 'n oefenlopie op 'n lugaanval voorberei, maar 'n werklike aanval het plaasgevind en hulle onderwyseres, Juffrou Bot, het haar staal getoon. Bedags het die lewe gewoon aangegaan. Met die Slag van Java het die infrastruktuur van die eiland in duie gestort. Willy se pa het die gesin verlaat nadat hy en die ander Nederlandse mans die bote in die hawe vernietig, dokumente verbrand en die olie-opslagplekke laat ontplof het. Die volgende sewe jaar sou hulle nie weet of hy nog leef, of nie.

Vanaf 13 Maart 1942 was die Nederlandse vroue en kinders van Soerabaja in die hande van die Japannese. Aanvanklik was die vroue onder die indruk dat hulle vir hulle eie beskerming in kampe geplaas is, om die "flapkeppe" uit hulle beddens en die Javane uit hulle besittings te hou (p 96). Dit was moontlik om koffers met klere en selfs Willy se ma se naaimasjien saam te sleep. Met elke verskuiwing het hulle aardse besittings minder geword. Willy se ma het sterk leiding geneem en vir Willy het dit baie beteken: "Ma is weer ma" (p 29). Sy het veral deurgaans gesorg dat sy en haar dogters nie geskei word nie (p 108).

Die skrywer gee Willy 'n stem om haar eie verhaal te vertel. Die sober skryfstyl en taalgebruik is treffend: "lemgewere" word vir gevelde bajonette gebruik, "flapkeppe" vir die Japannese, en "heiho's" vir die Javane – wat soos die dwergies van die Sneeuwitjie feëverhaal loop. Besonderhede soos dat almal op Java hulle horlosies op Tokio-tyd moes stel (p 82) en dat tolke ook die stemtoon van die Japannese bevelvoerders moes naboots (p 105), is van die interessante brokkies inligting wat in die boek bewaar word.

Die Nederlandse vroue is op vele maniere verneder. Hulle moes diep ("dubbelgevou") voor die Japannese en later voor die Javane buig. Die onvoorspelbaarheid van hulle daaglikse situasie – maar ook die sielododende roetine en lang periodes van verveling: "die dae draal eentonig verby" (p 118), het hulle in 'n toestand van voortdurende spanning gehou. Onsekerheid oor die lot van geliefdes en vriende, aanranding, die gebrek aan voldoende kos, die verlies aan privaatheid, en gebrekkige sanitasie het alles tot bykans onhoudbare lyding bygedra. Die wrede en onmenslike optrede teenoor 'n Nederlandse vrou, Miep, wat vir drie maande deur die Japannese in 'n kas toegesluit is waar sy nie kon sit of staan nie, net genoeg kos gekry het om te oorleef en slegs uitgelaat is om gemartel te word, dien vir Willy as voorbeeld dat mens kan oorleef deur te "fokus op die dag van vryheid" (p 211).

Interpersoonlike verhoudings kry ook aandag – ten spyte van die haglike omstandighede is ware vriendskappe gesluit, maar almal was nie “skielik heiliges nie” (p 154). Diefstal en verraad het ook voorgekom. Ligter oomblikke is byvoorbeeld die kinders se jagtogte op vlieë – vir elke honderd “lyke” het hulle ’n teelepel suiker by die Nederlandse kamphoof gekry (p 159) en só het hulle die plaag onder beheer gebring.

Willy som die emosionele geestestoestand van die vroue en kinders in een woord op, naamlik “vrees” (p130). Dit is net soms deur honger verdryf. Na die kampinwoners se verskuiwing na Halmaheira getuig sy: “... ons veggees [is] uitgedoof ... Net die drang om te oorleef het ons dag na dag laat ontstaan. ... In Halmaheira het ek my kindwees verloor. Godverlate” (p 201).

Die euforie dat die oorlog verby was, het in 1945 vir die vroue en kinders in Java egter voor ’n nuwe “haat oorlog” te staan gebring. Die Javane wou van Nederlandse oorheersing vry wees: “Ons het die woede om ons nooit raakgesien nie”, al was dit altyd daar en nie onder die stille onderdanigheid sigbaar nie (p 225). Die belofte van onafhanklikheid aan die Javane kon nie deur Japan bewaarheid word nie en “Ons seepbel bars” (p 231). Teen die einde van September 1945 het totale chaos op Java geheers. Jeugdige Javane se moord- en plundertogte het veroorsaak dat die Nederlandse vroue en kinders “kaalgestroop” onder streng bewaking na die hawe geneem en met ’n landingsvaartuig na ’n Britse oorlogskip vervoer is. Hulle het na Singapoer gegaan, waar hulle op 10 November 1945, drie maande nadat vrede verklaar is, uiteindelik veilig was. Aangrypend is dat ’n kinderstemmetjie tydens die tog gevra het: “Ma, na watter kamp gaan ons nou?” (p 240). Willy was teen die tyd sewentien jaar oud: “Ek was ’n bietjie kind, bietjie grootmens” (p 239). Die vroue en kinders is daar van basiese klere, geld en kos voorsien (pp 233-238). Hulle is na Nederland teruggestuur en het by Suez wintersklere ontvang. Hierdie ontvang van klere en die “modeparade” van die uitgeteerde, oorlogsverslae vroue op die skip is ook deur ’n ander oorlewende van Japannese konsentrasiekampe as ’n voorbeeld van die onoorwinlikheid van die menslike gees aan my beskryf.³

’n Deurlopende draad in Willy se bestaan is die verlange na haar pa. Sy het bly wonder of hy nog geleef het, ly, na hulle verlang en seek. Sy was diep ontnugter toe hulle eindelik herenig is. Hy het die oorlog veilig in Simonstad in Suid-Afrika deurgebring en sy het besef dat hy ’n nuwe lewe geskep het waarvan hulle nie meer deel was nie. Hy het geen benul van hulle ontberings gehad nie: “Ons is op die eiland vergeet” (p 247). Pogings tot versoening met sy vrou en dogters het misluk. Dit was ook vir hulle onmoontlik om na sewe jaar van ontworteling in Nederland aan te pas en Willy se ma het vir hulle ’n nuwe toekoms in Suid-Afrika geskep.

Hierdie boek verdien om op historici se rakke te wees – die lyding en die wreedheid van oorlog, maar ook die krag van die menslike gees straal daaruit.

Dionē Prinsloo
Departement Geskiedenis
UNISA

3. Mevrouw Kooij, onderhoud met D. Prinsloo, Kroonstad, 1995.